Die verdere ekonomiese groei in die eerste kwartaal was grotendeels gebaseer op 'n volgehoue toename in die reële private verbruiksbesteding. Van die ander komponente van die reële bruto binnelandse besteding het slegs die vaste investering 'n klein toename getoon. Die owerheidsverbruiksbesteding het afgeneem en die voorrade het met 'n groter bedrag as in die voorafgaande kwartaal gedaal. Die volume van die uitvoer het in die eerste kwartaal effens gestyg en slegs 'n beperkte bydrae tot die reële ekonomiese groei gedurende hierdie tydperk gemaak. Alhoewel die totale reële vaste investering gedurende die eerste kwartaal slegs 'n marginale styging getoon het, het 'n sterk toename in die reële private vaste investering voorgekom. Dit wil voorkom of die oorskot produksiekapasiteit in sekere nywerhede opgeneem is en of die hoër vlak van die verbruikersvraag die geleentheid vir nuwe vaste investering vergroot het.

Die amptelike beleid om ekonomiese groei aan te moedig is vroeg in 1980 voortgesit. Een van die hoofdoelwitte van die Begroting vir 1980/81 is om die herstel in die private verbruiksbesteding en die investering te onderskraag deur die reële beskikbare inkomme van individue te verhoog en deur die finansiële vermoë van maatskappye om die vaste en voorraadinvestering uit te brei, te versterk. Verder is die plafonne op die bankinstellings se krediet aan die private sektor met ingang 31 Maart met 'n bykomende 6 persent van die basissyfers soos aan die einde van 1975 verhoog.

Die inflasiekoers het in die eerste kwartaal van 1980 ietwat verlangsamer en verbruikers- sowel as groothandelspryse het laer koerse van toename getoon. Gedurende April het die koers van toename in pryse geneig om te versnel as 'n weerspieëling van die eerste van die verhogings in verskeie geadministreerde pryse wat beplan is om in die tweede kwartaal in werking te tree. In hierdie verband sal die groot toenames in salarisse en lone wat nou plaasvind en die belastingverlagings wat in die Begroting aangekondig

is, eers hulle uitwerking op 'n latere datum begin toon. Die bekamping van die hoë inflasiekoers moet derhalwe een van die belangrikste doelstellings van ekonomiese beleid in 1980 bly.

Baie van die ruimte vir die vinniger ekonomiese uitbreiding gedurende 1980 is verskaf deur die volgehoue verstewiging van die lopende rekening van die betalingsbalans. 'n Nuwe rekordoverskoot, wat die alreeds hoë syfer van die vorige kwartaal met 'n aansienlike marge oorskry het, is in die eerste kwartaal van 1980 op hierdie rekening aangeteken. Hierdie verdere toename was bykans uitsluitend te danke aan 'n aansienlike toename in die waarde van die netto goudproduksie, wat 'n buitengewoon skerp styging in die goudprys weerspieël het. Die grootste deel van die oorskot op die lopende rekening is geabsorbeer deur 'n buitengewoon groot netto uitvloeiing van kapitaal, wat oorwegend uit korttermynkapitaal van die private sektor bestaan het. As gevolg hiervan het daar in die eerste kwartaal slegs 'n matige styging in die netto goud- en ander buitelandse reserwes voorgekom.

'n Belangrike rede vir die uitvloeiing van korttermynkapitaal was die grootskaalse omskakeling van handelsfinansiering vanaf buitelandse na binnelandse bronne vanweë die groot gaping tussen die korttermynrentekoerse in Suid-Afrika en in ander lande, in die besonder die Verenigde State van Amerika. Aanvanklik is die uitvloeiing van kapitaal deur die owerhede beskou as 'n middel om die oorskotlikwidiëit in die ekonomie te verminder maar gedurende die tydperk van die middel van Maart tot die middel van April het dit aansienlike verliese aan buitelandse reserwes en 'n ernstige vernouing van die geldmark tot gevolg gehad. Om die binnelandse finansiering van die buitelandse handel te ontmoedig het die Reserwebank op 18 April die diskonto op die VSA-dollar in termynvalutatransaksies verhoog. 'n Gegradeerde diskonto op die dollar in termynvalutatransaksies is op 23 April ingestel ten einde voorsiening te maak vir verskille in die looptye van termynvalutakontrakte. Daarná is hierdie diskonto's op termyndollars trapsgewys verlaag in ooreenstemming met die daling in die rentekoerse in die Verenigde State van Amerika.

Die sterk lopende rekening van die betalingsbalans en die styging in die netto goud- en ander buitelandse reserwes gedurende die eerste kwartaal is weerspieël in 'n verdere appresiasie van die rand teenoor die VSA-dollar. Vanweë 'n skerp appresiasie van die dollar teenoor die belangrikste geldeenhede gedurende hierdie tydperk, het 'n meer opmerklike toename voorgekom in die geweeëde gemiddelde waarde van die rand in terme van die geldeenhede van handelsvennootlande. Vanaf vroeg in April het die dollar begin depresieer en dit het meegebring dat die geweeëde gemiddelde waarde van die rand gedurende April en Mei effens gedepresieer het in weerwil van

'n verdere appresiasie van die rand teenoor die dollar. Die finansiële-randdiskonto het gedurende die eerste twee maande van 1980 skerp vernou maar gedurende die daaropvolgende drie maande weer aansienlik verruim.

Volgens die konvensionele manier gemeet het die voorraad geld en kwasi-geld gedurende die eerste kwartaal van 1980 teen 'n baie laer koers as in die vorige kwartaal toegeneem, en teen 'n selfs nog laer koers in die eerste vier maande van 1980. Indien die bankinstellings se kort- en middeltermyn terugkoop-ooreenkomste, wat goeie plaasvervangers vir geld- en kwasi-gelddeposito's is, egter in aanmerking geneem word, was die monetêre uitbreiding in die eerste kwartaal meer opmerklik en het dit gedurende die tydperk van twaalf maande van April 1979 tot April 1980 teen 'n buitengewoon hoë koers voortgegaan.

Die toename in die geld- en kwasi-geldvoorraad gedurende die eerste kwartaal van 1980 het voortgespruit uit 'n matige toename in die netto goud- en ander buitelandse reserwes van die monetêre banksektor en 'n aansienlike styging in hierdie sektor se eise teen die private sektor. Hierdie toenames is gedeeltelik geneutraliseer deur 'n groot afname in die netto eise teen die regeringsektor en 'n hernieude sterk styging in die langtermyndeposito's van die private sektor by die monetêre banke. In teenstelling met die veranderings gedurende die eerste kwartaal het die netto goud- en ander buitelandse reserwes van die monetêre banksektor in April gedaal, terwyl die netto eise teen die regeringsektor gedurende hierdie tydperk sterk toegeneem het. As gevolg van die aansienlike toename in die bankkrediet aan die private sektor het die ongebruikte fasiliteite onder die banke se plafonne op bankkrediet aan die private sektor gedurende die eerste vier maande van 1980 effens gedaal, nie-teenstaande die verhoging van hierdie plafonne aan die einde van Maart.

Die likwiditeit van die banke, soos gemeet deur die oorskotbesit aan likwiede bates bo die vereiste minimum, het gedurende die eerste kwartaal aansienlik verswak en in April min of meer onveranderd gebly. Verskeie wysigings in die kontantreserwe- en likwiede batevereistes vir bankinstellings is op 25 Maart deur die Reserwebank aangekondig. Die kontantreserwevereistes is verhoog as 'n eerste stap om meer klem te plaas op kontantreserwevereistes en ondersteunende opemarktransaksies as instrumente van kredietbeheer. Hierdie beleidsbenadering is gemik op 'n geleidelike oorskakeling van die bestaande regstreekse kwantitatiewe perke op die bankinstellings se kredietverlening aan die private sektor na 'n effektiewe onregstreekse metode van kredietbeheer.

Nadat die toestand op die geldmark gedurende Januarie en die grootste deel van Februarie 1980 geneig het om te verruim, het die daaropvolgende gebeure meegebring dat 'n strammer toestand tot vroeg in Mei op die mark geheers het. Hierdie vernouing van die mark is weerspieël in 'n styging in die geldmarkrentekoerse gedurende die betrokke tyd-

perk. Die verkope van staatseffekte deur die Reserwebank is vroeg in Maart beëindig vanweë die vernouing van die geldmark en die beplande uitreiking van 'n nuwe uitgifte van staatseffekte in April. Hierdie verkope is in Mei hervat toe die toestand op die mark weer begin verruim het, maar die vraag na effekte is beperk deur die beleggers se verwagtings aangaande 'n verdere styging in die rentekoerse.

Die skatkisuitreikings gedurende die fiskale jaar geëindig 31 Maart 1980 was nie uitermate hoër as in die voorafgaande fiskale jaar nie maar die skatkisontvangste het 'n sterk styging getoon. Gevolglik was die tekort op die Skatkisrekening aanmerklik laer as in 1978/79. Ten spyte van die opname van 'n aansienlike kleiner bedrag van die Staatskuldkommissaris en die private nie-banksektor as in 1978/79, het die finansiering van 'n kleiner tekort die Tesourie in staat gestel om sy netto terugbetalings op buitelandse lenings voort te sit en om sy netto skuldposisie teenoor die monetêre banksektor slegs met 'n betreklik klein bedrag te vergroot. In ooreenstemming met die regering se beleid om die groei in sy besteding te beperk, het die Begroting vir 1980/81 voorsiening gemaak vir 'n matige toename in die besteding in die lopende fiskale jaar. Strukturele belastingveranderings en maatreëls om belasting te verlig sal na verwagting in 1980/81 egter 'n aansienlik laer koers van toename in die inkomste en 'n ooreenstemmende toename in die tekort aan inkomste wat deur middel van lenings gefinansier moet word, meebring.

Die toestand op die kapitaalmark het gedurende die grootste deel van die eerste kwartaal van 1980 lewendig gebly. Teen die einde van hierdie tydperk is die mark vir vaste-rentedraende effekte egter gekenmerk deur 'n verandering in verwagtings aangaande die bewegings van die langtermynrentekoerse en 'n huiwering aan die kant van beleggers om bykomende langtermyn-effekte aan te skaf. As gevolg hiervan het die langtermynopbrengskoerse op die sekondêre mark aan die einde van Maart en gedurende April tot ietwat hoër vlakke gestyg. Op die aandelemark het die omset en die pryse, wat vroeg in 1980 tot rekordvlakke gestyg het, gedurende die tweede helfte van die eerste kwartaal en in April gedaal. Daarteenoor het die bedrywigheid op die verbandmark en die mark vir vaste eiendom regdeur die eerste kwartaal sterk toegeneem en is dit deur 'n hernieude toename in die beweging van langertermynfondse na depositone-mende en verwante spaarinstellings versterk.

Nasionale rekeninge*



Volgehoute hoër koers van ekonomiese groei

Die reële bruto binnelandse produk, wat in die vierde kwartaal van 1979 teen 'n besonder hoë koers toegeneem het, het in die eerste kwartaal van 1980 verder toegeneem teen 'n jaarkoers van ongeveer 5 persent. Hierdie ongelyke koers van ekonomiese groei was die gevolg van die skerp skommelings in die reële produk van die landbou wat in die vierde kwartaal van 1979 'n aansienlike toename getoon het en 'n daaropvolgende daling in die eerste kwartaal. Uitgesonderd die landbou, het die reële bruto binnelandse produk gedurende die eerste kwartaal teen 'n hoër koers toegeneem, of teen naastenby dieselfde koers as in die voorafgaande kwartaal. Hoofsaaklik as gevolg van die sterk styging in die prys van goud, het die ruilvoet in die eerste kwartaal van 1980 verder verbeter. Hierdie verbetering, tesame met 'n afname in die reële netto faktorbetalings aan die res van die wêreld, het tot gevolg gehad dat die reële bruto nasionale produk teen 'n hoër koers as die reële bruto binnelandse produk toegeneem het.

Met uitsondering van 'n afname in die reële produk van die goudmynbou, hoofsaaklik as gevolg van die ontginning van laergraadse erts, het die reële toegevoegde waarde van die meeste van die belangrikste nie-landbousektore van die ekonomie gedurende die eerste kwartaal van 1980 teen hoër koerse toegeneem. Skerp toenames is in die reële produk van die nie-goudmynbou, die fabriekswese en die groothandel aangeteken, terwyl die reële toegevoegde waarde van die klein- en motorhandel slegs 'n effense toename getoon het. Die hoër vlak van die bedrywigheid in hierdie sektore het aanleiding gegee tot 'n verdere toename in die reële toegevoegde waarde van die dienstesektore. Die nie-goudmynbouproduksie is deur 'n volgehoute sterk buitelandse vraag na metale en minerale en deur die produksie van nuwe myne opgestoot. Die toename in die reële toegevoegde waarde van die fabriekswese en die groot-, klein- en motorhandel het grotendeels die volgehoute toename in die private verbruiksbesteding weerspieël.

Teen heersende pryse het die bruto binnelandse produk in die eerste kwartaal van 1980 teen 'n hoër koers as in die vierde kwartaal van 1979 toegeneem. Die vergoeding van werknemers het met ongeveer dieselfde koers as in die voorafgaande kwartaal toegeneem, maar die bruto bedryfsurplus het opmerklik toegeneem as gevolg van 'n aansienlike toename in die winste van mynbou-, fabriekswese- en handelondernemings, wat slegs gedeeltelik deur 'n afname in die bruto bedryfsurplus van die landbou geneutraliseer is.

Bruto binnelandse produk teen konstante 1970-pryse



*Tensy anders vermeld, is die kwartaallikse veranderings gebaseer op seisoensaangesuiwerde gewens.



Kleiner toename in reële totale binnelandse vraag

Die reële bruto binnelandse vraag het in die eerste kwartaal van 1980 voortgegaan om te styg, maar teen 'n laer koers as in die voorafgaande kwartaal. Die reële private verbruiksbesteding het in die eerste kwartaal voortgegaan om vinnig toe te neem, maar die reële vaste investering, wat in die laaste kwartaal van 1979 aansienlik gestyg het, het slegs 'n marginale toename getoon. Hierteenoor het die reële owerheids-

verbruiksbesteding effens gedaal en het die reële voorrade met 'n groter bedrag as in die voorafgaande kwartaal afgeneem.

Teen heersende pryse is die styging in die bruto binnelandse besteding deur die opmerkbare toename in die bruto nasionale produk oorskry. Gevolglik was die oorskot op die lopende rekening van die betalingsbalans aansienlik groter as in die vierde kwartaal van 1979.

Bruto binnelandse besteding teen konstante 1970-pryse



Sterk verdere styging in reële private verbruiksbesteding

Die reële private verbruiksbesteding, wat gedurende die loop van 1979 teen 'n progressief hoër koers gestyg het, het in die eerste kwartaal van 1980 'n aansienlike verdere toename getoon. Die vlak van die besteding in hierdie tydperk was ongeveer 8 persent hoër as in die eerste kwartaal van 1979 en, teen 'n jaarkoers, ongeveer 10 persent hoër as in die laaste kwartaal van 1979. Die reële besteding aan die vernaamste klasse van verbruikersgoedere, dit wil sê, duursame, semi-duursame en nie-duursame goedere, asook aan verbruikersdienste, het in ongeveer gelyke mate tot die verdere toename in die eerste kwartaal bygedra. In die klas duursame goedere het die reële besteding aan nuwe motorvoertuie aansienlik gestyg, maar die reële besteding aan meubels en huishoudelike toerusting en aan ontspannings- en vermaaklikheidsgoedere het op die betreklik hoë vlak wat in die vierde kwartaal van 1979 bereik is, gebly.

Skerp afname in reële owerheidsverbruiksbesteding


Die reële owerheidsverbruiksbesteding, wat in die vierde kwartaal van 1979 'n skerp toename getoon het vanweë 'n aansienlike styging in die verdedigingsbesteding, het in die eerste kwartaal van 1980 merkbaar afgeneem toe die verdedigingsbesteding 'n daling getoon het. Die totale reële owerheidsverbruiksbesteding was nietemin in die eerste kwartaal van 1980 ongeveer 2 persent hoër as in die ooreenstemmende tydperk van 1979.

Geringe toename in reële bruto binnelandse vaste investering

Die reële bruto binnelandse vaste investering het in die eerste kwartaal van 1980 slegs 'n geringe verdere toename getoon vergeleke met 'n duidelike styging in die vierde kwartaal van 1979. 'n Aansienlike toename in die reële vaste investering van die private sektor is feitlik geheel en al geneutraliseer deur 'n klein daling in die vaste kapitaaluitgawes van die openbare owerhede en 'n groot afname in dié van die openbare korporasies.

Die toename in die reële kapitaalbesteding van die private sektor het oor 'n wye front voorgekom en was veral opmerklik in die finansiële sektor, wat 'n toename in die verhuur van kapitaalbates weerspieël het, en in die landbou en fabriekswese. Die enigste uitsondering was die mynbousektor waarvan die reële vaste kapitaalbesteding effens gedaal het as gevolg van die voltooiing van verskeie goud-, uraan- en nie-

Bruto binnelandse vaste investering teen konstante 1970-pryse



goudmynbouprojekte. Die reële vaste investering in die private fabriekswese het aanmerklik verder toegeneem namate ongebruikte produksiekapasiteit deur die styging in fabrieksproduksie opgeneem is. So het die benutting van produksiekapasiteit in die fabriekswese toegeneem van 86,8 persent in November 1979 tot 87,7 persent in Februarie 1980, in vergelyking met 84,9 persent in Februarie 1979.

Die effense daling in die reële vaste kapitaalbesteding van die openbare owerhede was die netto resultaat van afnames in die besteding deur die Suid-Afrikaanse Spoorwegadministrasie en die Departement van Pos- en Telekommunikasiewese en klein toenames in die kapitaalbesteding van die algemene owerheid en aan owerheidsbehuisingskemas. Die reële vaste kapitaaluitgawes van die openbare korporasies, wat dikwels groot kwartaalike skommelings toon, het in die eerste kwartaal van 1980 aansienlik afgeneem. Dit was grotendeels die gevolg van 'n skerp afname in die reële vaste kapitaalbesteding van Evkom en Sasol wat in die tweede helfte van 1979 tot hoë vlakke gestyg het.

Verdere daling in reële voorrade

Die waarde van die totale voorrade teen konstante pryse het in die eerste kwartaal van 1980 met 'n groter bedrag as in die vierde kwartaal van 1979 afgeneem. Die nywerheids- en handelsvoorrade het die meeste gedaal as gevolg van die groter volume van die verkope deur die fabriekswese en die groot-, klein- en motorhandel. Die diamantvoorrade het ook opmerklik gedaal maar die landbouvoorrade-in-die-handel het op dieselfde vlak as aan die einde van 1979

gebly. As 'n weerspieëling van die verdere daling in die reële voorrade en die styging in die reële bruto binnelandse produk, het die verhouding van die nie-landbouvoorrade tot die bruto binnelandse produk van die nie-landbousektore in die eerste kwartaal van 1980 verder gedaal tot 29,9 persent, vergeleke met vlakke van 30,7 persent in die vierde kwartaal van 1979 en 32,2 persent in die eerste kwartaal van 1979.

Aansienlike verdere styging in bruto binnelandse besparing

Die bruto binnelandse besparing het gedurende die eerste kwartaal van 1980 opmerklik verder gestyg tot 'n vlak van nie minder nie as 35,1 persent van die bruto binnelandse produk teen heersende pryse, vergeleke met 31,2 persent in die jaar 1979 in sy geheel. Die toename in die bruto binnelandse besparing in die eerste kwartaal is verklaar deur maatskappybesparing, die lopende surplus van die algemene owerheid en voorsiening vir waardevermindering. Die persoonlike besparing het gedurende hierdie tydperk effens gedaal. Die bruto binnelandse besparing het die bedrag wat nodig was om die totale vaste en voorraadinvestering te finansier, met 'n aansienlik groter marge as in die laaste kwartaal van 1979 oorskry. Hierdie verskil is weerspieël in die vermindering van Suid-Afrika se netto skuldposisie teenoor die res van die wêreld en 'n toename in die land se netto goud- en ander buitelandse reserwes.

Die koers van toename in die maatskappybesparing het op 'n hoë vlak gebly, wat hoofsaaklik 'n weerspieëling was van die groter winste en ander lopende ontvangste van die mynbou-, nywerheids- en finansiële sektore. Die hoër inkomste van hierdie sektore is slegs gedeeltelik deur verhoogde inkomstebelasting- en dividendbetalings geneutraliseer. Die lopende surplus van die algemene owerheid het ook skerp gestyg as gevolg van 'n hoër koers van toename in die inkomste uit eiendom en indirekte belastingontvangstes as in die lopende besteding. Die persoonlike besparing het effens afgeneem, hoofsaaklik as gevolg van 'n aansienlik hoër koers van toename in die private verbruiksbesteding as in die persoonlike beskikbare inkomste.

Werkverskaffing* en pryse

Aansienlike hoër koers van toename in werkverskaffing


Die werkverskaffing in die nie-landbousektore van die ekonomie het teen die einde van 1979 aansienlik toegeneem. Teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers het die werkverskaffing buite die landbou in die eerste drie kwartale van 1979 agtereenvolgens met 1,9, 1,1 en 1,5 persent gestyg voordat dit in die vierde kwartaal met 5,6 persent toegeneem het. Die versnelde toename teen die einde van 1979 het die hoër ekonomiese groei wat in die openbare sowel as die private sektor plaasgevind het, weerspieël.

Gedurende Januarie en Februarie het die werkverskaffing in die fabriekswese en konstruksie, waarvoor daar meer onlangse gegewens beskikbaar is, verder toegeneem teen seisoensaangesuiwerde jaarkoerse van 4,1 persent en 3,4 persent onderskeidelik. In die fabriekswese het die seisoensaangesuiwerde aantal ure gewerk deur produksiewerkers, wat in die eerste helfte van 1979 teen 'n jaarkoers van 3,6 persent gestyg het, in die tweede helfte van 1979 en in die eerste twee maande van 1980 teen jaarkoerse van onderskeidelik 6,9 persent en 1,5 persent toegeneem. Die seisoensaangesuiwerde aantal ure gewerk deur produksiewerkers in die konstruksiesektor, wat in die eerste helfte van 1979 in werklikheid teen 'n jaarkoers van 6,0 persent gedaal het, het in die tweede helfte van 1979 en in die eerste twee maande van 1980, teen jaarkoerse van onderskeidelik 1,6 persent en 18,3 persent gestyg.

Die werkverskaffing buite die landbou het in 1979 in sy geheel met 2,0 persent toegeneem, teenoor 0,9 persent in die voorafgaande jaar. Die werkverskaffing in die private sektor, wat in 1978 met slegs 0,4 persent toegeneem het, het in 1979 met 2,3 persent gestyg. Die koers van toename van 1,4 persent in die werkverskaffing in die openbare sektor in 1979 was egter aansienlik laer as die ooreenstemmende toename van 2,4 persent in 1978. Met uitsondering van konstruksie, is hoër vlakke van werkverskaffing in 1979 in al die afdelings van die private sektor aangeteken. In die openbare sektor het die indiensneming deur plaaslike owerhede en die Suid-Afrikaanse Spoorwegadministrasie in 1979 afgeneem terwyl die aantal werknemers van universiteite skerp toegeneem het. Die werkverskaffing in die oorblywende deel van die openbare sektor het teen 'n laer koers as in 1978 gestyg.

Die hoër vlak van die indiensneming het 'n matige afname in die werkloosheid onder alle bevolkingsgroepe tot gevolg gehad. Die seisoensaangesuiwerde aantal geregistreerde werklose Blankes, Kleurlinge en Asiërs het vanaf 30 000 in Desember 1978 tot 26 930 in Desember 1979 en verder tot 23 810 in April 1980

Jaarlikse persentasieverandering in arbeidskoste per eenheid van produksie in fabriekswese



gedaal. Die verhouding van die werklose Swartes tot die ekonomies-bedrywige Swart bevolking het van 9,4 persent in Februarie 1979 tot 8,8 persent in Februarie 1980 afgeneem.

Effense toename in totale arbeidsproduktiwiteit

Die produktiwiteit van die arbeid, soos gemeet deur die reële bruto binnelandse produk per werker in die nie-landbousektore van die ekonomie, het in die eerste helfte van 1979 teen 'n laer koers as in 1978 gestyg, maar teen 'n aansienlik hoër koers in die tweede helfte van 1979. Die styging in 1979 in sy geheel het 1,9 persent bedra, vergeleke met 1,3 persent in die voorafgaande jaar.

'n Hoër koers van toename in die arbeidsproduktiwiteit het egter nie in al die sektore van die ekonomie voorgekom nie. In die fabriekswese, waarvoor daar meer uitgebreide gegewens beskikbaar is, het die produksie per man-uur in 1979 met 2,4 persent gestyg, vergeleke met 3,4 persent in 1978. Die laer groeikoers in 1979 het 'n vinniger toename in die aantal ure gewerk as in die volume van die fabrieksproduksie weerspieël. Die arbeidskoste per eenheid van produksie het ook teen 'n hoër koers as die produksie gestyg, naamlik met 9,8 persent teenoor 'n styging van 6,7 persent in die volume van die produksie. Die styging in die arbeidseenheidskoste in 1979 het die toename van 6,9 persent in 1978 oorskry maar was aansienlik laer as die gemiddelde jaarlikse koers van toename van 15 persent gedurende die voorafgaande vyf jaar.

Afname in reële arbeidsvergoeding

Die gemiddelde vergoeding per werker in die nie-landbousektore van die ekonomie het in 1979 met 12,1 persent toegeneem, vergeleke met 10,4 persent in 1978. Reël gesproke het die gemiddelde vergoeding per werker in 1979 egter met 0,9 persent gedaal, teenoor 'n geringe styging van 0,3 persent in

*Omvattende gegewens aangaande werkverskaffing en arbeidsvergoeding is slegs tot die einde van 1979 beskikbaar.


die voorafgaande jaar. Die afname in die reële vergoeding per capita in 1979 was hoofsaaklik te wyte aan 'n hoër koers van toename in pryse as in salarisse en lone. Die koers van toename in die reële salarisse en lone per Nie-blanke werker het van 1,1 persent in 1978 tot 0,4 persent in 1979 verlangsaam, terwyl die reële salarisse en lone per Blanke werker met 0,8 persent en 1,0 persent in 1978 en 1979 onderskeidelik afgeneem het.

Laer koers van toename in pryse

Die inflasiekoers het in die eerste kwartaal van 1980 merkbaar verlangsaam, hoofsaaklik as gevolg van die beperkte uitwerking van toenames in geadministreerde pryse gedurende hierdie tydperk. Toenames in verskeie belangrike geadministreerde pryse is egter vir die tweede kwartaal van 1980 beplan. Die jaarkoers van toename in die seisoensaangesuiwerde verbruikersprysindeks het van 11,3 persent in die vierde kwartaal van 1979 tot 8,6 persent in die eerste kwartaal van 1980 verlangsaam as gevolg van laer koerse van toename in die pryse van goedere sowel as van dienste. Die seisoensaangesuiwerde jaarkoers van toename in die pryse van verbruikersgoedere het tot 6,3 persent in die eerste kwartaal gedaal, ten spyte van hoër koerse van toename in die pryse van voertuie, klerasie, skoeisel en vleis. Die ooreenstemmende koers van toename in die pryse van verbruikersdienste het 9,1 persent bedra, wat 'n weerspieëling was van die laer koerse van toename in behuising en vervoerkoste maar 'n baie vinniger styging in postariewe en in die koste van mediese dienste en opvoeding. Vergeleke met die ooreenstemmende maand van die voorafgaande jaar, het die verbruikerspryse in Maart met 13,0 persent en in April 1980 met 13,3 persent gestyg.

Die groothandelspryse, wat teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van 14,6 persent in die vierde kwartaal van 1979 toegeneem het, het in die eerste kwartaal van 1980 teen 'n jaarkoers van 12,0 persent gestyg. Hierdie verlangsaaming was te danke aan 'n laer koers van toename in die pryse van binnelandsgeproduseerde goedere, in die besonder in elektrisiteit-, gas- en watertariewe en in die pryse van landbouprodukte en vervaardigde goedere, uitgesonderd masjinerie, vervoertoerusting en skoeisel. Daarteenoor het die pryse van ingevoerde goedere in die eerste kwartaal teen 'n hoër koers as in die vierde kwartaal van 1979 gestyg. Vergeleke met die ooreenstemmende maand van die voorafgaande jaar, het die groothandelspryse in Maart met 18,0 persent en in April 1980 met 18,6 persent toegeneem.

Persentasieverandering in pryse



Betalingsbalans


Rekord oorskot op lopende rekening

'n Rekord oorskot van R1 977 miljoen is in die eerste kwartaal van 1980 op die lopende rekening van die betalingsbalans aangeteken. Teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers het die oorskot op die lopende rekening van R4 070 miljoen in die laaste kwartaal van 1979 tot R7 780 miljoen in die eerste kwartaal van 1980 toegeneem. In verhouding tot die bruto binnelandse produk het die oorskot in die eerste kwartaal 13,3 persent beloop. Hierdie aansienlik hoër oorskot was feitlik geheel en al toe te skryf aan 'n buitengewoon groot toename in die waarde van die netto goudproduksie, wat uit die skerp styging in die goudprys voortgespruit het. Die waarde van die goedere-uitvoer en die waarde van die goedere-invoer het albei effens toegeneem en die netto dienste- en oordragbetalings aan die buiteland het ongeveer onveranderd gebly.

Die netto goudproduksie het teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van R7 850 miljoen in die laaste kwartaal van 1979 tot R11 480 miljoen in die eerste kwartaal van 1980, of met 46,2 persent, toegeneem. Hierdie toename het voorgekom in weerwil van 'n verdere daling in die volume van die goudproduksie en het 'n styging van 52,4 persent in die gemiddelde vasstellingsprys van goud op die Londense mark weerspieël, naamlik van \$414,27 per fyn ons in die vierde kwartaal van 1979 tot \$631,49 per fyn ons in die eerste kwartaal van 1980. Die goudprys het gedurende die eerste kwartaal skerp geskommel. Nadat 'n rekord vasstellingsprys van \$850 per fyn ons op 21 Januarie behaal is, het die prys afwaarts geskommel tot \$494,50 per fyn ons op 31 Maart. In April het die gemiddelde prys \$517,06 per fyn ons beloop.


Nadat die waarde van die goedere-uitvoer gedurende die tweede helfte van 1979 teen 'n hoër koers toegeneem het, het dit in die eerste kwartaal van 1980 slegs 'n klein verdere toename getoon. Teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers het die goedere-uitvoer in die eerste kwartaal R10 210 miljoen bedra, vergeleke met R10 020 miljoen in die voorafgaande kwartaal. Toenames het by die meeste hoofgroepe uitvoergoedere voorgekom, maar hierdie toenames is grotendeels deur 'n aansienlike daling in die uitvoer van diamante geneutraliseer. Die laer groeiakoers in die waarde van die goedere-uitvoer in die eerste kwartaal was aan 'n matiger koers van toename in die uitvoerpryse sowel as in die volume van die uitvoer toe te skryf. Skerp stygings in die pryse van suiker, koper, platina, ystererts en mielies is grotendeels deur dalings in die pryse van uraan, ferrochroom, wol en steenkool geneutraliseer. Insgelyks het aansienlike toenames in die volume van sommige uitvoerprodukte voorgekom, veral mielies en ferrochroom, wat weer in groot mate deur afnames in die volume van ander produkte, in die besonder diamante en suiker, geneutraliseer is.

Netto goudproduksie




Die goedere-invoer het teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van R11 260 miljoen in die vierde kwartaal van 1979 tot R11 380 miljoen in die eerste kwartaal van 1980 toegeneem. Die betreklik klein toename in die invoer in die eerste kwartaal was die netto resultaat van 'n afname in die invoer van mineraalprodukte (insluitende petroleum), 'n skerp styging in die invoer van masjinerie en elektriese toerusting en matige toenames in die meeste ander hoofgroepe invoergoedere. Die toename in die waarde van die invoer in die eerste kwartaal het bestaan uit 'n matige toename in die pryse en 'n effense daling in die volume. Die pryse van invoergoedere, wat gedurende die tweede helfte van 1979 vinnig gestyg het, het in die eerste kwartaal teen 'n laer koers toegeneem aangesien die verdere versnelling in die koerse van toename in die pryse in handelsvennootlande in sekere mate deur 'n appreciasie van die rand teengewerk is.

Goedere-invoere en -uitvoere



Teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers het die waarde van die netto dienste- en oordragbetalings aan die res van die wêreld, wat gedurende 1979 skerp toegeneem het, marginaal gedaal vanaf R2 542 miljoen in die laaste kwartaal van 1979 tot R2 530 miljoen in die eerste kwartaal van 1980. Hierdie klein daling was die gevolg van hoër dienstebetalings, in die besonder dividendbetalings, wat meer as geneutraliseer is deur dienste-ontvangste, wat onder andere die hoër rentekoerse in die buiteland weerspieël het.

Betalingsbalans




Uitsonderlike groot netto uitvloeiing van kapitaal

Die netto kapitaaluitvloeiing wat in die laaste kwartaal van 1979 tot die buitengewoon hoë vlak van R1 017 miljoen toegeneem het, het skerp verder gestyg tot R1 665 miljoen in die eerste kwartaal van 1980. Die laasgenoemde toename was die gevolg van 'n ooreenstemmende sterk styging in die netto uitvloeiing van korttermynkapitaal, insluitende foute en weglatings op die lopende sowel as die kapitaalrekening van die betalingsbalans. Die netto uitvloeiing van langtermynkapitaal het gedurende die eerste kwartaal slegs matig toegeneem.

Die netto uitvloeiing van korttermynkapitaal, wat hoofsaaklik uit kapitaal van die private sektor bestaan het, het gedurende die eerste kwartaal R1 042 miljoen bedra. Openbare korporasies en plaaslike owerhede was vir slegs 'n klein netto uitvloeiing van korttermynkapitaal verantwoordelik, terwyl 'n matige toename in die laste verwant aan reserwes voorgekom het. 'n Belangrike rede vir die uitvloeiing van korttermynkapitaal vanaf die private sektor was die groot-skaalse omskakeling van handelsfinansiering vanaf buitelandse na binnelandse bronne vanweë die aansienlike verskil tussen die vlakke van die korttermynrentekoerse in Suid-Afrika en dié in ander lande, in die besonder in die Verenigde State van Amerika. Die koers op bankakseptte van drie maande het byvoorbeeld in die Verenigde State van 13,3 persent aan die einde van Desember 1979 tot 15,5 persent aan die einde van Februarie en 19,0 persent aan die einde van Maart 1980 gestyg. In teenstelling hiermee het die ooreenstemmende koers in Suid-Afrika van 4,6 persent aan die einde van 1979 tot 4,9 persent aan die einde van Maart 1980 toegeneem.

Effektiewe koste van handelsfinansiering



Aanvanklik is die uitvloeiing van korttermynkapitaal deur die owerhede gebruik as 'n manier om die oorskotlikwiditeit in die ekonomie te verminder, maar gedurende die tydperk vanaf die middel van Maart tot die middel van April het die kapitaaluitvloeiing sulke afmetings aangeneem dat aansienlike verliese aan buitelandse reserwes en 'n ernstige vernouing van die geldmark ondervind is. Ten einde die binnelandse finansiering van die buitelandse handel te ontmoedig het die Reserwebank op 18 April die diskonto op termynvalutatransaksies in VSA-dollars van 2,5 tot 12 persent verhoog. Dit is op 23 April vervang met 'n gegradearde diskonto op termyndollars om voorsiening te maak vir verskille in die looptye van termynvalutatransaksies. Die diskonto's vir die verskillende looptye is op sodanige vlakke vasgestel dat dit by die finansiering van korttermynhandel wat deur termynvalutakontrakte gedek word, effens aantrekliker geword het om van buitelandse in plaas van binnelandse krediet gebruik te maak. In ooreenstemming met die daaropvolgende daling in die rentekoerse in die Verenigde State, is die diskonto's op termyndollars in verskeie stappe verlaag. Op 26 Mei was diskonto's van 4,50, 4,25 en 3,75 persent van toepassing op termynvalutakontrakte vir tydperke van tot 121 dae, 122 tot 243 dae, en 244 tot 365 dae, onderskeidelik.

Die betreklik lae rentekoerse en die algemene beskikbaarheid van fondse op die Suid-Afrikaanse kapitaalmark het verdere groot netto terugbetalings

Netto kapitaalbewegings

R miljoene

	1979 4e kw.	1980 1e kw.
Langtermynkapitaal		
Sentrale regering en banksektor	-89	-112
Openbare korporasies en plaaslike owerhede	-101	-180
Private sektor	-324	-331
Totaal	-514	-623
Korttermynkapitaal		
Laste verwant aan reserwes	-203	55
Ander kapitaal van sentrale regering en banksektor	—	3
Openbare korporasies en plaaslike owerhede	100	-28
Private sektor, insluitende onaangetekende transaksies ¹⁾	-400	-1 072
Totaal	-503	-1 042
Totale kapitaalbewegings	-1 017	-1 665

1. D.w.s. foute en weglatings op die lopende sowel as die kapitaalrekening van die betalingsbalans.

van langtermyn- buitelandse leringe van die sentrale regering, die Suid-Afrikaanse Spoorwegadministrasie, openbare korporasies en die private sektor aange- moedig. Dientengevolge is 'n aanmerklike netto uitvloeiing van langtermynkapitaal ten bedrae van R623 miljoen in die eerste kwartaal van 1980 aange- teken.

Verdere toename in goud- en ander buitelandse reserwes

Ondanks die aansienlike netto uitvloeiing van kapi- taal, was die oorskot op die lopende rekening van die betalingsbalans voldoende om 'n matige toename van R257 miljoen in die netto goud- en ander buitelandse reserwes gedurende die eerste kwartaal teweeg te bring. 'n Toename van R55 miljoen in die laste verwant aan reserwes, het die toename in die bruto goud- en ander buitelandse reserwes vanweë beta- lingsbalanstransaksies tot R312 miljoen verhoog. Indien waardasie-aansuiweringe, veral die opwaartse herwaardering van die goudreserwes, in aanmerking geneem word, het die bruto reserwes gedurende die eerste kwartaal met R845 miljoen tot 'n vlak van R5 127 miljoen aan die einde van Maart toegeneem.

Die toename in die bruto buitelandse reserwes gedurende die eerste kwartaal is verklaar deur 'n skerp styging van R1 808 miljoen gedurende Januarie en Februarie en 'n afname van nie minder nie as R963 miljoen in Maart. Alhoewel die grootste deel van hierdie afname gedurende Maart aan die herwaarde- ring van die goudreserwes teen 'n laer prys toe te skryf was, het die buitelandse-valutareserwes ook afgeneem, naamlik van R1 041 miljoen aan die einde van Februarie tot R900 miljoen aan die einde van Maart. Gedurende April het die bruto goud- en ander buitelandse reserwes van die Reserwebank met R46 miljoen toegeneem tot R4 795 miljoen aan die einde van die maand. Hierdie toename was die netto resultaat van 'n opwaartse herwaardering van die goudreserwes, 'n styging in die Bank se besit aan buitelandse valuta, en gedeeltelik neutraliserende afnames in die volume van die goudreserwes en in die Bank se laste verwant aan reserwes.

Wisselkoersveranderinge

Die geweegde gemiddelde waarde van die rand in terme van die belangrikste geldeenhede het gedurende die eerste kwartaal van 1980 met 5,3 persent geap- presieer, vergeleke met 0,5 persent gedurende die laaste kwartaal van 1979. Die koers van appresiasie van die rand teenoor individuele geldeenhede het in die eerste kwartaal aansienlik gewissel. So het die rand teenoor die Switserse frank met 16,9 persent, teenoor die Duitse mark met 14,1 persent, teenoor die Japanse jen met 6,6 persent, teenoor die Britse pond met 4,3 persent, en teenoor die VSA-dollar met 2,1 persent geappresieer.

Vanaf vroeg in April het die VSA-dollar teenoor die ander belangrike geldeenhede begin depresieer, as gevolg waarvan die geweegde gemiddelde waarde van

die rand vanaf die einde van Maart tot 30 Mei met 0,7 persent gedepresieer het, nieteenstaande 'n appresiasie van 3,5 persent teenoor die dollar. Op laasgenoemde datum was die geweegde gemiddelde waarde van die rand 4,6 persent bo die vlak daarvan aan die begin van 1980 en 8,3 persent bo die vlak op 24 Januarie 1979, toe die stelsel van beheerde swewing van die rand ingestel is.

Die diskonto op die finansiële rand, wat geduren- de die eerste twee maande van 1980 skerp gedaal het, het teen die einde van Februarie 14,9 persent bedra. Daarná het dit aansienlik toegeneem tot 31,2 persent op 1 April voordat dit afwaarts geskommel het tot 27,1 persent op 30 Mei 1980.

Monetêre en banktoestand

Hoë groeikoerse van die monetêre totale


Die geld- en kwasi-geldvoorraad, wat gedurende 1979 in sy geheel met 13 persent en gedurende die laaste kwartaal teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van 27 persent toegeneem het, het gedurende die eerste kwartaal van 1980 matig teen 'n jaarkoers van 14 persent gestyg. Gedurende April het dit teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van 10 persent gedaal wat die jaarkoers van toename gedurende die eerste vier maande van 1980 op 7 persent te staan gebring het. Van April 1979 tot April 1980 het die geld- en kwasi-geldvoorraad met 15 persent toegeneem. Indien die banke se terugkoop-ooreenkomste met die private nie-banksektor met looptye in die kort- en middeltermyn, wat goeie plaasvervangers vir geld- en kwasi-gelddeposito's is, egter in aanmerking geneem word, het die koers van toename nie minder nie as 27 persent beloop.

Veranderings in monetêre groothede





	April 1979 tot April 1980	
	Uitsluitende terugkoop-ooreenkomste	Insluitende terugkoop-ooreenkomste
Geld	17,8	29,2
Geld en kwasi-geld	14,9	26,8
Geld, kwasi-geld en langtermyn private deposito's	15,1	24,1
Eise teen die private sektor	22,3	32,6
Binnelandse kredietverlening	18,7	26,7

Die geldvoorraad in die enger sin, wat gedurende 1979 met 21 persent en gedurende die laaste kwartaal van die jaar teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van 47 persent toegeneem het, het gedurende die eerste kwartaal van 1980 baie skerp verder gestyg teen 'n jaarkoers van 37 persent. 'n Skerp afname van R263 miljoen in April het egter die jaarkoers van toename in die eerste vier maande van die jaar op 12 persent te staan gebring. Die geldvoorraad in die enger sin het vanaf Julie 1979 opmerklik begin versnel en gedurende die tydperk van tien maande van die einde van Junie 1979 tot die einde van April 1980 het die toename soveel as R912 miljoen beloop. Indien daarenbove die sogenaamde "deurlopende kontrakte" en "oornagse terugkoop-ooreenkomste" onder die monetêre banke se terugkoop-ooreenkomste met die private nie-banksektor in aanmerking geneem word, het hierdie toename op nie minder nie as R1 512 miljoen, of op 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van 35 persent, te staan gekom.

Veranderings in geld en kwasi-geld



Oorsake van veranderings in geld en kwasi-geld



Oorsake van veranderings in geld en kwasi-geld

Die toename in die seisoensaangesuiwerde hoeveelheid geld en kwasi-geld gedurende die eerste kwartaal van 1980 het voortgespruit uit 'n matige styging in die netto goud- en ander buitelandse reserwes van die monetêre banksektor en 'n aansienlike styging in hierdie sektor se eise teen die private sektor. Die grootste deel van hierdie stygings is egter deur 'n baie groot daling in die netto eise teen die regeringsektor en 'n hernieude sterk styging in die langtermyndeposito's van die private sektor by die monetêre banke geneutraliseer. Gedurende April het die netto eise van die monetêre banksektor teen die regeringsektor skerp gestyg, terwyl 'n betreklik matige toename in die eise teen die private sektor voorgekom het. Die netto goud- en ander buitelandse reserwes van die monetêre banksektor het in April afgeneem en slegs 'n effense verdere styging is aangeteken in die langtermyndeposito's van die private sektor by die monetêre banke.

Die seisoensaangesuiwerde netto goud- en ander buitelandse reserwes van die monetêre banksektor het gedurende die eerste kwartaal van 1980 met R133 miljoen toegeneem. Hierdie reserwes het gedurende Januarie en Februarie sterk gestyg, grotendeels as gevolg van die aansienlike oorskot op die lopende rekening van die betalingsbalans. Die grootste deel van hierdie toename is egter deur 'n daaropvolgende skerp daling in Maart geneutraliseer toe die netto uitvloeiing van kapitaal, hoofsaaklik as gevolg van grootskaalse omskakeling van buitelandse na binnelandse finansiering van die buitelandse handel, 'n ongeëwenaard hoë vlak bereik het. Gedurende April het die daling vir die reserwes weer verlangsaam en R151 miljoen bedra. Die netto goud- en ander buitelandse reserwes van die Reserwebank het in werklikheid in April met R118 miljoen toegeneem, waarvan die uitwerking van die herwaardering van die Bank se goudvoorraad uitgesluit is.

Die seisoensaangesuiwerde eise van die monetêre banksektor teen die private sektor, wat gedurende die vierde kwartaal van 1979 teen 'n hoë jaarkoers van 25

persent gestyg het, het gedurende die eerste kwartaal van 1980 selfs nog vinniger uitgebrei teen 'n jaarkoers van 30 persent of met R838 miljoen. Afgesien van 'n sterker vraag na krediet in die algemeen, was hierdie toename 'n weerspieëling van die gebruik van binnelandse bankkrediet vir die finansiering van die buitelandse handel. Gedurende April is 'n betreklik klein toename van R113 miljoen aangeteken.

Nadat 'n toename in die seisoensaangesuiwerde netto eise van die monetêre banksektor teen die regeringsektor gedurende die tweede helfte van 1979 aanmerklik tot die uitbreiding van die geld- en kwasi-geldhoeveelheid bygedra het, het daar gedurende die eerste kwartaal van 1980 'n skerp daling van R902 miljoen in hierdie netto eise voorgekom. 'n Deel van hierdie daling is verklaar deur 'n aansienlike toename in die regeringsdeposito's, voortspruitende uit groot belastingsontvangstes aan die einde van Februarie. Gedurende April het 'n skerp afname in regeringsdeposito's en 'n aansienlike styging in die bruto eise teen die regeringsektor meegebring dat die monetêre banksektor se netto eise teen die regeringsektor sterk met R653 miljoen gestyg het.

Die koers van toename in die seisoensaangesuiwerde langtermyndeposito's van die private sektor by die monetêre bankinstellings, wat gedurende die tweede helfte van 1979 aansienlik verlangsaam het, het gedurende die eerste kwartaal van 1980 nuwe stukrag gekry toe hierdie deposito's met R334 miljoen gestyg het. Ruimskootse likwiditeit in die private sektor en veranderings in verwagting met betrekking tot rentekoersbewegings het skynbaar tot hierdie hernieude styging in die langtermyndeposito's bygedra. In April is slegs 'n klein verdere styging van R18 miljoen aangeteken.

Vinnige uitbreiding in die meeste komponente van bankkrediet aan die private sektor

Die aansienlike styging in die bankkrediet aan die private sektor gedurende die eerste kwartaal van 1980 kon grotendeels aan 'n toename van R556 miljoen in die diskonteringe, lenings en voorskotte van die

Oorsake van veranderings in geld en kwasi-geld

R miljoene

	Seisoensinvloed nie uitgeskakel nie				Seisoensinvloed uitgeskakel			
	3e kw. 1979	4e kw. 1979	1e kw. 1980	Apr. 1980	3e kw. 1979	4e kw. 1979	1e kw. 1980	Apr. 1980
Netto goud- en ander buitelandse reserwes	259	-96	157	-36	247	-85	133	-151
Eise teen regeringsektor:								
Bruto eise	-71	454	-588	303
Regeringsdeposito's (toename-, afname+)	98	-7	-635	674
Netto eise	27	447	-1 223	977	221	330	-902	653
Eise teen die private sektor	377	572	709	72	293	664	838	113
Langtermyndeposito's (toename-, afname+)	-13	-27	-333	-36	-82	-103	-334	-18
Netto ander bates	-5	-18	653	-955
Totale oorsake van verandering	645	878	-37	22	662	733	407	-108

handels-, aksep- en monetêre algemene banke toege-skrif word. Hierdie bedrag het 'n netto toename van R242 miljoen in huurkoopkrediet en bruikhuurfinan-siering, 'n daling van R73 miljoen in verdiskonteerde wissels, en 'n styging van R387 miljoen in ander lenings en voorskotte ingesluit. Die beleggings van die monetêre bankinstellings in effekte van die private sektor het gedurende die eerste kwartaal eweneens aanmerklik toegeneem, naamlik met R123 miljoen, terwyl die kaskredietvoorskotte van die Landbank ietwat met R88 miljoen gedaal het. Die diskonte- ringe, lenings en voorskotte van die handels-, aksep- en algemene banke het in April voortgegaan om aansienlik te styg, maar neutraliserende afnames in die beleggings deur die monetêre banke in effekte van die private sektor en kaskredietvoorskotte deur die Landbank het meegebring dat bankkrediet aan die private sektor in hierdie maand met 'n betreklik klein bedrag toegeneem het.


As gevolg van die aansienlike styging in bank- krediet aan die private sektor het die ongebruikte fasiliteite onder die banke se plafonne op hul diskon- teringe, lenings en voorskotte gedurende die eerste kwartaal van 1980 met slegs R18 miljoen toegeneem, nie-teenstaande die verhoging van die plafonne, met ingang van 31 Maart, met 'n verdere 6 persent van die basissyfers soos aan die einde van 1975. Gedurende April het die onbenutte fasiliteite met R61 miljoen gedaal. Met ingang van 31 Maart is die plafonne op beleggings in die private sektor eweneens met 'n bykomende 6 persent van die basissyfers verhoog. Die ongebruikte fasiliteite onder hierdie plafonne het gedurende die eerste kwartaal nietemin met R13 miljoen afgeneem, maar in April effens met R8 miljoen toegeneem.

Lae vlak van oorskot- banklikwiditeit

Die likwiditeitsposisie van die monetêre bankinstel- lings het gedurende die eerste kwartaal van 1980 aanmerklik verswak, terwyl dié van die nie-monetêre bankinstellings effens verbeter het. Die oorskotlikwi- diteitsverhouding van alle monetêre bankinstellings het van 4,8 persent aan die einde van Desember 1979 tot 1,7 persent aan die einde van Maart 1980 gedaal. Die ooreenstemmende verhoudings ten opsigte van die nie-monetêre banke het onderskeide- lik 1,2 persent en 2,9 persent bedra. Die belang- rikste rede vir die verswakking van die banklikwiditeit in die algemeen was 'n daling van R382 miljoen in die banke se werklike besit aan likwiede bates. Dit is meegebring deur dalings van onderskeidelik R894 miljoen en R202 miljoen in die bydrae van die regeringsektor en die private sektor tot die bankinstel- lings se likwiditeitsbasis. 'n Deel van hierdie dalings is egter deur 'n styging in die bydraes van ander sektore tot die likwiditeitsbasis geneutraliseer. Aan die einde van April was die oorskotlikwiditeitsverhouding van die bankinstellings ongeveer gelyk aan dié van die einde van Maart.

Verskeie veranderings in die kontantreserwe- en likwiede batevereistes vir bankinstellings is op 25

Werklike, vereiste en oorskot likwiede bates van bankinstellings



Maart deur die Reserwebank aangekondig en het vanaf die datum van sertifisering van die banke se maandstate vir Maart van krag geword.* Hierdie veranderings het bykans geen uitwerking op die totale vereiste likwiede bates gehad nie maar meegebring dat die vereiste besit aan kontant van alle bankinstellings by die Reserwebank en die Nasionale Finansiële korporasie met R353 miljoen gestyg het.

Geldmark

Die toestand op die geldmark was oor die einde van Februarie seisoenaal knap vanweë die gebruiklike vloeï van belastingfondse na die owerheid. Gedurende die tweede en derde week van Maart het die marktoestand ietwat verruim maar oor die einde van die maand as gevolg van die aansienlike daling in die netto goud- en ander buitelandse reserwes van die Reserwebank aansienlik vernou. Vanaf 21 April moes 'n groot bykomende bedrag aan kontant deur die bankinstellings by die Reserwebank en die Nasionale Finansiële korporasie gehou word vanweë die veranderings in die kontantvereistes waarna hierbo verwys is. Dit, tesame met 'n groot toename in die bedrag van

*Sien die verklaring deur die Reserwebank in hierdie uitgawe van die Kwartaalblad.

die banknote in omloop, het teen die einde van April en vroeg in Mei 'n strawwe vernouing van die geldmark meegebring.

Die daggeldlenings aan die diskontohuise het op 28 Februarie 'n hoë vlak van R1 196 miljoen bereik voordat dit tot R982 miljoen op 1 Maart en tot R848 miljoen op 24 April gedaal het. Op 27 Mei het hierdie lenings weer tot R1 181 miljoen gestyg. Die akkommodasie aan die diskontohuise, wat op 29 Februarie R285 miljoen bedra het, het tot 21 Maart na laer vlakke teruggekeer maar gedurende die res van die maand skerp gestyg en op 31 Maart R562 miljoen bereik. Hierdie bedrag het 'n deposito van R217 miljoen van die Staatskuldkommissaris by die diskontohuise sowel as oornagse lenings van R62 miljoen ingesluit. Teen 15 April was alle akkommodasie weer terugbetaal. Vanaf 21 April tot in die begin van Mei is groot bedrae aan wissels weer eens deur die Reserwebank herdiskonteer. Hierdie akkommodasie aan die diskontohuise het op 26 April R393 miljoen beloop maar was op 7 Mei weer volledig afgepos.


Die netto vrye saldo's van die monetêre banke by die Nasionale Finansiële korporasie het tot 'n lae vlak op 29 Februarie gedaal en was gedurende Maart, April en die begin van Mei feitlik uitgeput, met uitsondering van enkele dae in die middel van April. Vanaf 5 Mei is groter vrye saldo's, wat op 27 Mei nie minder nie as R602 miljoen bedra het, by die Nasionale Finansiële korporasie gehou.

Die rentekoerse op die geldmark het gedurende Februarie matig gestyg voordat dit gedurende die eerste week van Maart effens gedaal het. Daarna het hierdie koerse gedurende die res van die maand

gestyg, gedurende die eerste twee weke van April grotendeels onveranderd gebly, maar gedurende die tweede helfte van April taamlik skerp gestyg voordat dit gedurende die eerste drie weke van Mei effens gedaal het. Die koers op bankaksepte van drie maande het van 4,80 persent op 29 Februarie tot 4,70 persent op 7 Maart gedaal voordat dit tot 4,90 persent op 28 Maart gestyg het. Hierdie koers het vervolgens tot 11 April onveranderd gebly maar tot 5,40 persent op 25 April gestyg voordat dit tot 5,20 persent op 30 Mei gedaal het. Die skatkiswissel-tenderkoers het van 4,27 persent op 29 Februarie tot 4,20 persent op 7 Maart gedaal voordat dit tot 4,28 persent op 28 Maart en 4,66 persent op 30 Mei gestyg het.

Die opemarkverkope van effekte deur die Reserwebank het gedurende Januarie en Februarie R97 miljoen en gedurende die eerste paar dae van Maart R12 miljoen beloop. Geen verdere verkope van staatseffekte is gedurende die res van Maart en gedurende April gedoen nie vanweë die vernouing van die mark en die beplande uitreiking van 'n nuwe uitgifte van staatseffekte in April. Op 31 Maart het die Reserwebank die eerste uitgifte van sy eie effekte gemaak toe skuldbriewe ten bedrae van R100 miljoen, wat op 1 April 1980 verval het, aan die Nasionale Finansiële korporasie uitgereik is. Opemarktransaksies is in Mei hervat maar die ruimte vir transaksies is beperk deur verwagtings aangaande 'n verdere styging in rentekoerse. Die Reserwebank het nogtans van 8 tot 20 Mei spesiale skatkiswissels tot 'n bedrag van R155 miljoen verkoop. Hierdie wissels sal op 29 Augustus verval ten einde die gebruikelike tydperk van seisoenstramheid oor die maandeinde van Augustus, wat uit belastingbetalings aan die owerheid voortspruit, te verlig.

Geldmarkrentekoerse



Staatsfinansies

Matige styging in skatkisuitreikings

Die Skatkisuitreikings aan staatsdepartemente, wat met 20 persent toegeneem het in die eerste nege maande van die fiskale jaar 1979/80 vergeleke met die ooreenstemmende tydperk van die voorafgaande fiskale jaar, was effens laer in die laaste kwartaal van die fiskale jaar, dit wil sê die eerste kwartaal van 1980, as in die laaste kwartaal van die voorafgaande fiskale jaar. Gedurende die fiskale jaar 1979/80 in sy geheel het die uitreikings met 14 persent toegeneem, teenoor die begrotingsraming van 12 persent. Soos gedurende die voorafgaande twee fiskale jare, het die koers van toename in die skatkisuitreikings, en meer in die algemeen in die sentrale owerheidsbesteding, die beleid van die owerheid om reël gesproke baie min uitbreiding van sy besteding toe te laat, weerspieël. Gedurende die tydperk van drie jaar van 1977/78 tot 1979/80 het die skatkisuitreikings met gemiddeld 13 persent per jaar gestyg, 'n toenamekoers wat die gemiddelde inflasiekoers gedurende hierdie tydperk met slegs 'n klein marge oorskry het. Gedurende die voorafgaande drie jare het die gemiddelde jaarlikse koers van toename in die skatkisuitreikings byvoorbeeld 22 persent bedra.

Buitengewoon hoë groeikoers in skatkisontvangste

Die skatkisontvangste het gedurende die eerste nege maande van die fiskale jaar 1979/80 met 21 persent en gedurende die laaste drie maande met 18 persent toegeneem, vergeleke met die ooreenstemmende tydperke van die voorafgaande fiskale jaar. Die toename van 20 persent gedurende die fiskale jaar in sy geheel was nie alleen die hoogste jaarlikse koers van toename sedert 1973/74 nie, maar was ook aansienlik hoër as die begrotingsraming van 4 persent.

Hierdie aansienlike afwyking van die begrotingsraming was grotendeels die gevolg van 'n styging van nie minder nie as 74 persent in die ontvangste aan inkomstebelasting en mynhuurbetalings vanaf die goudmynmaatskappye, wat uit die skerp toename in die goudprys voortgespruit het. Indien die ontvangste wat kragtens Doeane-unie-ooreenkomste aan aangrensende lande oorgedra moet word, uitgesluit word, het die goudmynmaatskappye gedurende 1979/80 15 persent van die totale inkomste-ontvangste bygedra. Hierdie verhouding was aansienlik hoër as die ooreenstemmende syfer van 10 persent in 1978/79 maar nog steeds effens laer as in 1974/75 toe die inkomste-ontvangste vanaf die goudmynmaatskappye ook aansienlik toegeneem het vanweë 'n skerp styging in die goudprys. Die inkomstebelastingkomponent van die ontvangste vanaf goudmynmaatskappye het in 1979/80 22 persent van die totale inkomstebelasting-invorderings bedra, vergeleke met 15 persent gedurende die voorafgaande fiskale jaar.

Soos in die bygaande tabel getoon word, het feitlik alle komponente van die inkomste gedurende 1979/80 aansienlik toegeneem. Die enigste uitsondering was die bobelasting op invoergoedere, wat 'n afname getoon het vanweë die verlaging van die koers van die bobelasting. Die inkomstebelasting-ontvangste, uitgesonderd dié vanaf goudmynmaatskappye, het met 11 persent gestyg, niesteenstaande die uitgebreide belastingtoegewings wat in die Begroting vir 1979/80 toegestaan is. Hierdie toename was in skerp teenstelling met die koers van toename van slegs 2 persent in 1978/79 toe die inkomstebelasting-opbrengs oor die algemeen nog 'n stadige ekonomiese herstel en 'n matiger toename in die pryse van uitvoerkommoditeite as in die daaropvolgende jaar weerspieël het.

As gevolg van die afname in die invorderings van die bobelasting op invoergoedere en die hoër ontvangste vanaf die goudmynmaatskappye, het die

Staatsinkomstefonds¹ – Inkomste-invorderings


R miljoene

	Januarie – Maart		Fiskale jaar geëindig Maart		
	1979	1980	1979	1980	
				Begrotingsramings	Werklike ontvangstes
Invoerreg	84	118	371	446	453
Bobelasting op invoere	85	64	359	236	251
Aksynsreg	277	342	983	1 023	1 039
Verkoopreg ²	—	—	121	1	1
Algemene verkoopbelasting ²	287	351	672	1 175	1 277
Sub-totaal	734	874	2 506	2 881	3 021
Inkomstebelasting- en huurbetalings deur goudmyne	308	666	862	855	1 502
Ander inkomstebelastingbetalings	1 248	1 273	3 799	3 795	4 203
Ander inkomste-invorderings	551	557	1 596	1 590	1 791
Totaal	2 842	3 370	8 763	9 121	10 517


1. Insluitende bedrae oordraagbaar aan aangrensende gebiede kragtens Doeane-Unie-ooreenkomste.

2. Die verkoopreg is in Julie 1978 afgeskaf en 'n algemene verkoopbelasting ingestel.

Inkomste-invorderings – Staatsinkomstefonds



Persentasieverandering in skatkisuitreikings



verhouding van die indirekte belasting tot die totale inkomste, uitgesonderd bedrae oordraagbaar aan ledelande van die Doeane-unie, in 1979/80 effens afgeneem tot 26 persent. Hierdie verhouding was nietemin nog vër bo die vlak van 20 persent in 1975/76 toe daar met die proses van belastinghervorming, waarvolgens in die toekoms groter klem op indirekte belastings as 'n bron van inkomste geplaas sou word, begin is.

Skatkistekort hoofsaaklik uit binnelandse nie-bankbronne gefinansier

'n Surplus van R82 miljoen (voor lenings en skuldaflossing) is gedurende die eerste kwartaal van 1980 op die Skatkisrekening aangeteken, hoofsaaklik as gevolg van groter ontvangste vanaf die goudmynmaatskappye en die betreklik lae vlak van die skatkisuitreikings gedurende hierdie tydperk. In teenstelling met die

Skatkisrekeningfinansiering

R miljoene

	Januarie – Maart		Fiskale jaar geëindig Maart	
	1979	1980	1979	1980
Tekort (–) of surplus	–318	82	–2 089	–1 769
Finansiering				
Binnelandse bronne:				
Staatskuldkommissarisse ¹	468	321	1 291	741
Private nie-banksektor	254	339	1 488	999
Monetêre banksektor	–159	–619	–344	61
Sub-totaal	563	41	2 435	1 801
Buitelandse sektor	–245	–124	–346	–32
Totale finansiering	318	–82	2 089	1 769

1. Insluitende die Departement van Pos- en Telekommunikasiewese.

patroon van die skatkisfinansiering gedurende die voorafgaande nege maande van die fiskale jaar 1979/80, was die Tesourie in die eerste kwartaal van 1980 in staat om sy netto skuldposisie teenoor die monetêre banksektor te verminder en om aansienlike terugbetalings van buitelandse lenings te maak.

Gedurende die fiskale jaar 1979/80 in sy geheel het die tekort op die Skatkisrekening R1 769 miljoen bedra, of R320 miljoen minder as in 1978/79. Soos in die bygaande tabel getoon word, is die grootste deel van die tekort, naamlik R1 740 miljoen, gefinansier deur middel van lenings wat deur binnelandse nie-bankbronne, dit wil sê deur die Staatskuldkommissarisse en die private nie-banksektor, opgeneem is. Die Tesourie se netto skuldposisie teenoor die monetêre banksektor, wat in 1978/79 met R344 miljoen afgeneem het, het in 1979/80 met R61 miljoen toegeneem. Die netto terugbetaling van skuld aan die buitelandse sektor het R32 miljoen bedra, wat die bedrag wat gedurende die afgelope twee jaar afgelos is, op R378 miljoen te staan gebring het.

Twee nuwe uitgiftes van staatseffekte is op 15 April 1980 vir inskrywing aangebied en is beplan om saam te val met die aflossing van effekte ten bedrae van R337 miljoen wat vervaldatum bereik het. Die opbrengskoers op die nuwe korttermyn-effekte is op 5,00 persent vasgestel, en dié op die nuwe langtermyn-effekte op 9,25 persent. Die inskrywings op die korttermyn- en langtermyn-effekte het onderskeidelik R404 miljoen en R107 miljoen bedra. Beleggers in die private sektor het min belangstelling in hierdie uitgiftes getoon vanweë verwagtings aangaande 'n styging in die rentekoerse.

Die Begroting van die sentrale regering vir die fiskale jaar 1980/81

Toe hy die Begroting vir 1980/81 aangebied het, het die Minister van Finansies verklaar dat die regering se breë ekonomiese beleid vir die tydperk vorentoe een van "gedissiplineerde groei vanuit 'n posisie van basiese krag" sal bly. Ontwikkelings gedurende die

afgeloopde jaar, wat daartoe gelei het dat die fiskale beleid meer konserwatief en minder ekspansionisties was as wat aanvanklik beplan is, tesame met die gunstige uitwerking van die owerhede se breë finansiële beleid, het nie alleen die onderliggende krag van die ekonomie verhoog nie, maar ook die ruimte vir vinniger groei vergroot. Die beleid is derhalwe gerig op die benutting van die ekonomie se groeipotensiaal. Daar is egter verklaar dat die volgehoue klem op groei gepaard sal gaan met 'n ewe sterk klem op volgehoue finansiële dissipline. Die groei in die owerheidsbesteding sal derhalwe beperk word sodat daar aan die private sektor sowel die ruimte as die aanmoediging vir vinniger ekonomiese groei voorsien word, sonder om die beskikbare hulpbronne te ooreis. Boonop sal die tekort aan inkomste gefinansier word sonder om die geldvoorraad te verhoog.

Benewens die bevordering van produksie, werkverskaffing en investering, sal 'n verdere belangrike doelstelling van die amptelike ekonomiese beleid in 1980/81 die beteueling van die koers van inflasie wees. Volgens die Minister se sienswyse is die bestaande inflasie hoofsaaklik van die kostedruk-soort, wat nie doeltreffend bekamp kan word deur die totale vraag te demp nie. Dit word aanvaar dat tekorte aan geskoolde arbeid en ander knelpunte in die jaar vorentoe waarskynlik opwaartse druk op die arbeids- en sekere ander koste sal veroorsaak, maar daar is tot die slotsom gekom dat hierdie probleem ook nie opgelos kan word deur die vraag te beperk nie. Die inflasie sal derhalwe op ander maniere teengegaan word, naamlik (1) doeltreffende beheer oor die owerheidsbesteding en die toename in die geldvoorraad, met die doel om die ontstaan van vraaginflasie teen te gaan; (2) die stimulering van die aanbod deur groter klem te plaas op die opleiding en beter benutting van arbeidsbronne; verhoogde invoer en die voorkoming van monopolistiese praktyke; (3) 'n verdere appresiasie van die rand teenoor ander geldeenhede, indien die vraag-en-aanbodtoestand op die buitelandse-valutamark dit toelaat; (4) streng dissipline ten opsigte van die verhoging van geadministreerde pryse; en (5) belastingvoorstelle wat daarop gemik is om sekere koste te verlaag of ten minste die koers van toename daarin te verlangsaam.

Om hierdie beleidsdoelstellings ten uitvoer te bring is die begrotingsvoorstelle gerig op die onderskraving van die herstel in die private verbruiksbesteding en die investering deur die reële beskikbare inkomste van individue te verhoog en deur die finansiële vermoë van maatskappye en hul vaste en voorraadinvestering uit te brei, te versterk en om tot die stryd teen inflasie by te dra. Laasgenoemde sal bereik word deur die groeikoers van die owerheidsuitgawes te beperk, die "tekort voor lenings" te finansier sonder toevlug tot geldskepping, die bobelasting op invoergoedere af te skaf, die voorsiening van bykomstige fondse vir opleiding en onderwys, en die verhoging van subsidies op voedsel, vervoer en behuising. Daarbenewens is die begrotingsvoorstelle

gemik op die voortsetting van die proses van strukturele belastinghervorming waarmee voorheen begin is.

Maatreëls ten opsigte van veranderinge in die belastingstruktuur en belastingverligting het bestaan uit, ten eerste, die instelling van 'n enkele basiese inkomstebelastingkoers vir sowel getroude as ongetroude persone en die vervanging deur 'n nuwe en omvattende stelsel van belastingkortings van die een van inkomstekortings. Die differensiasie tussen getroude en ongetroude belastingbetalers sal bewerkstellig word deur 'n laer korting vir ongetroude persone toe te staan en deur hul belastingverpligtinge met 'n toeslag van 20 persent te verhoog. Ten tweede sal die progressie van die basiese marginale skale van normale inkomstebelasting só aangepas word dat dit 'n maksimum van 50 persent (voorheen 55 persent) bereik by 'n belasbare inkomste van R40 000 (voorheen R30 000) in die geval van getroude persone en by 'n inkomste van R28 000 (voorheen R22 000) in die geval van ongetroude persone. Ten derde is die verpligte leningsheffing op individue en maatskappye afgeskaf. Ten vierde is toegewings toegestaan ten opsigte van hereregte, boedelbelasting, belastingvrye enkelbedragbetalings deur pensioen- en uittredingsannuïteitsfondse, die belastingvrye gedeelte van die inkomste van getroude vroue en belasting deur Swartes betaal.

Met inagneming van die geraamde belastingtoegewings van R909 miljoen, is die totale inkomste van 1980/81 op R10 856 miljoen geraam, wat 'n styging van ongeveer 11 persent verteenwoordig. Die totale uitgawes in 1980/81, met inbegrip van voorsienings vir hoër salarisse en lone in die staatsdiens, verhoogde maatskaplike en siviele pensioene, bykomende fondse vir opleiding en onderwys en verhoogde subsidies, is geraam op R13 083 miljoen, of 14 persent meer as in die vorige fiskale jaar. Die "tekort voor lenings" sal na verwagting van 'n voorlopige syfer van R1 683 miljoen in 1979/80 tot R2 227 miljoen in 1980/81 toeneem. Laasgenoemde syfer, tesame met lenings-terugbetalings van R1 430 miljoen, sal 'n geraamde finansieringsbehoefte van R3 657 miljoen tot gevolg hê. Dit is in die vooruitsig gestel dat hierdie bedrag hoofsaaklik gefinansier sal word deur lenings by die Staatskuldkommissarisse en die private nie-banksektor aan te gaan.

Kapitaalmark

Verstewiging van die mark vir vaste-rentedraende effekte

Die mark vir vaste-rentedraende effekte, wat teen die einde van 1979 tydelik vernou het, het gedurende die grootste deel van die eerste kwartaal van 1980 weer verruim. Gedurende die tweede helfte van Maart is die mark egter gekenmerk deur 'n verandering in die verwagtings aangaande die bewegings van langtermyn-rentekoerse en 'n huiwering aan die kant van beleggers om langtermyn-effekte aan te skaf. Hierdie strammer toestand het gedurende April voortgeduur. Onder hierdie omstandighede, en ten einde nie met 'n uitgifte van staatseffekte saam te val nie, is twee nuwe uitgiftes van effekte deur openbare korporasies, wat vir April beplan was, tot Mei en Junie uitgestel.

Die opbrengskoerse op langtermynstaatseffekte in die sekondêre mark het van 9,32 persent in Desember 1979 tot 9,26 persent in Februarie 1980 gedaal, gedurende Maart op dié vlak gebly en in April tot 9,41 persent gestyg. 'n Ietwat laer opbrengskoerse van 9,25 persent is vir 'n nuwe uitgifte van langtermynstaatseffekte in April vasgestel. Die langtermynopbrengskoerse op semi-prima-effekte van die hoogste graad in die sekondêre mark het van 9,53 persent in Desember 1979 tot 9,48 persent in Februarie en 9,42 persent in Maart 1980 gedaal voordat dit tot 9,59 in April gestyg het. Die opbrengskoerse in die sekondêre mark op langtermynmaatskappyskuldbriefe het nie gedurende die eerste vier maande van 1980 enige

Opbrengskoerse in sekondêre mark



duidelike neiging getoon nie afgesien daarvan dat die gemiddelde opbrengskoerse van 11,28 persent in April effens hoër as in Desember 1979 was.

Die nuwe fondse wat deur die openbare sektor in die mark vir vaste-rentedraende effekte opgeneem is, het gedurende die eerste kwartaal R335 miljoen beloop, vergeleke met R169 miljoen gedurende die laaste kwartaal van 1979 en 'n kwartaallikse gemiddelde van R162 miljoen gedurende 1979. Nuwe fondse ten bedrae van R103 miljoen is gedurende die eerste kwartaal deur maatskappye in die private sektor wat op die effektebeurs genoteer is, opgeneem, vergeleke met R42 miljoen in die voorafgaande kwartaal en 'n kwartaallikse gemiddelde van R48 miljoen gedurende 1979.

Nuwe rekord omset- en prysvlakke op die aandelemark


Die aandelebeursomset en aandelepryse het gedurende die eerste kwartaal van 1980 nuwe rekordvlakke bereik, maar die omset het ná Januarie na laer vlakke teruggekeer en die aandelepryse het in Maart begin daal. Alhoewel laer omsette gedurende Februarie en Maart aangeteken is, het die totale aantal aandele wat gedurende die eerste kwartaal verhandel is, die totaal vir die voorafgaande kwartaal en die kwartaallikse gemiddelde vir 1979 met onderskeidelik 34 persent en 69 persent oorskry.

Gelyktydig met die skerp styging in die prys van goud het die aandelepryse gedurende Januarie sterk gestyg. Die pryse het gedurende Februarie bly styg en het 'n vlak bereik wat gemiddeld 48 persent hoër as die hoogtepunt van Mei 1969 was. Die meeste aandelepryse het gedurende Maart gedaal maar die allesomvattende aandeleprysindeks, wat alle klasse aandele insluit, was nogtans 9 persent hoër as in Desember 1979. Die pryse van nywerheids- en handelsaandele het die hoogste koerse van toename getoon, wat agtereenvolgens deur finansiële en mynbouaandelepryse gevolg is. 'n Verdere klein daling in die pryse het gedurende April voorgekom.

Persentasieverandering in aandelepryse

	1979		1980	
	3e kw.	4e kw.	1e kw.	April
Mynaandele:				
Goud	19,4	39,1	6,1	-0,7
Steenkool	14,7	7,2	8,2	-1,6
Ander metale en minerale	12,8	15,7	10,3	-9,3
Finansiële aandele:				
Mynbou	16,4	34,9	3,5	-5,6
Nywerheid en algemeen	16,9	11,0	18,8	-1,8
Vaste eiendom	19,6	14,9	22,1	-4,3
Banke en versekering	14,9	9,1	11,1	-1,1
Nywerheids- en handelsaandele:				
Nywerheid	15,2	17,1	10,1	-2,6
Handel	17,2	14,0	16,6	1,1
Alle aandele	16,9	23,5	8,8	-2,0

Effektebeurs



Met uitsondering van handelsaandele, was die dalende neiging in die pryse gedurende Maart en April in al die hoofklasse van aandele merkbaar.

Die dividendopbrengskoers op alle klasse aandele het marginaal van 5,05 persent in Desember 1979 tot 5,00 persent in Maart gedaal voordat dit tot 5,15 persent in April gestyg het. Hierdie verandering was sterk in ooreenstemming met dié in ander langtermynopbrengskoerse en die opbrengskoersgaping tussen langtermynstaatseffekte en aandele het byvoorbeeld bykans onveranderd gebly en in Desember en Maart 4,26 persent en in April 4,27 persent bedra.

Die effekte trusts het gedurende die eerste kwartaal 'n verdere uitvloeiing van fondse ten bedrae van R16 miljoen aangeteken. Hierdie uitvloeiing is hoofsaaklik deur die netto verkoop van effekte gefinansier. In ooreenstemming met die styging in aandelepryse het die markwaarde van hulle netto bates gedurende die eerste kwartaal met R11 miljoen tot 'n vlak van R596 miljoen gestyg. Hierdie bedrag was aansienlik laer as die toename van R84 miljoen gedurende die laaste kwartaal van 1979 en die gemiddelde kwartaallikse toename van R49 miljoen in 1979.

Hernieude skerp toename in besit aan langertermynfondse by depositonemende en verwante spaarinstellings

Die koers van toename in die besit aan langertermynfondse by depositonemende en verwante spaarinstellings het gedurende die eerste kwartaal van 1980 weer skerp versnel nadat dit gedurende die tweede helfte van 1979 geneig het om af te plat. Die seisoensaangesuiwerde toename in die besit aan langertermynfondse het in die eerste kwartaal R1 237 miljoen beloop in vergelyking met R771 miljoen gedurende die laaste kwartaal van 1979 en 'n kwartaallikse gemiddelde van R783 miljoen gedurende 1979.


Die besit aan langertermynfondse by die bouverenigings het, net soos gedurende 1979, die grootste toename getoon, gevolg deur beleggings by bankinstellings en staatsspaarfasiliteite. Die inname van nuwe fondse deur die deelnemingsverbandskemas het gedurende die eerste kwartaal effens toegeneem, wat dui op 'n ietwat groter belangstelling in hierdie soort verbandfinansiering. Die bouverenigings het hulle

Toename in die besit aan langertermynfondse by depositonemende en verwante instellings belê.


Seisoensaangesuiwerde gegewens
R miljoene

	1979				1980
	1e kw.	2e kw.	3e kw.	4e kw.	1e kw.
Bankinstellings	396	327	194	219	564
Bouverenigings	418	356	385	436	529
Deelnemingsverbandskemas	-2	-6	-10	4	16
Staatsspaarfasiliteite	98	107	108	112	128
Totaal	910	784	667	771	1 237

Bouverenigings



Vaste eiendomstransaksies en verbandenings uitbetaal



koers op spesiale spaardeposito's, dit wil sê deposito's wat onderhewig is aan 'n beperkte aantal onttrekkings per maand en die hou van 'n minimum saldo, op 1 Maart met ½ persent verlaag.

'n Ontleding van die oorsprong van die fondse wat gedurende 1979 by die bouverenigings belê is, toon dat die oorheersende deel van die verenigings se nuwe fondse, soos in die verlede, van individue en nief-winssoekende organisasies afkomstig was. 'n Interessante kenmerk was egter die toename in die relatiewe belangrikheid van die vloei van nuwe fondse vanaf die nie-bank finansiële instellings na die bouverenigings. Terselfdertyd het die relatiewe belangrikheid van netto nuwe beleggings deur maatskappye, wat gedurende 1978 skerp toegeneem het, 'n beduidende afname getoon.

Verdere skerp toename in bedrywigheid in die vaste eiendoms- en verbandmarkte

Die bruto bedrag aan verbandenings wat deur die bouverenigings toegestaan is het gedurende die eerste kwartaal R1 120 miljoen beloop, in vergelyking met R873 miljoen in die voorafgaande kwartaal en 'n kwartaallikse gemiddelde van R721 miljoen gedurende 1979. Die nuwe lenings wat vir die oprigting van geboue toegestaan is het gedurende die eerste kwartaal R221 miljoen beloop, wat 'n aansienlike toename was in vergelyking met die kwartaallikse gemiddelde

van R140 miljoen gedurende 1979. Die hoër koers van verbandfinansiering deur die bouverenigings is weerspieël in die toename in nuwe verbandenings toegestaan maar nog nie uitbetaal nie van R880 miljoen aan die einde van Desember 1979 tot R1 137 miljoen aan die einde van Maart 1980. Die oorskotbesit aan voorgeskrewe beleggings, wat gedurende 1979 deurgaans die verpligtinge ten opsigte van lenings toegestaan maar nog nie uitbetaal nie oorskry het, was aan die einde van Maart ongeveer gelyk aan die verenigings se nuwe leningsverpligtings. Dit dui op 'n sterker vraag na verbandenings en 'n kleiner behoefte aan die kanalisering van nuwe fondse na voorgeskrewe beleggings.

Die bouverenigings het hul uitleenkoerse in Februarie 1980 met ½ persent verlaag. Die koerse op verbandenings vir woonhuise is verlaag na 'n patroon van 9,0–11,0 persent, terwyl koerse van 10,5 tot 11,5 persent vir verbandenings op sake-eiendomme sedert Februarie deur die bouverenigings gekwoteer word.

Die seisoensaangesuiwerde waarde van vaste eiendomstransaksies het gedurende die eerste kwartaal 'n verdere skerp toename getoon en was 38 persent hoër as in die laaste kwartaal van 1979 en 60 persent hoër as die kwartaallikse gemiddelde gedurende 1979. Hierdie vinnige toename was deels die gevolg van 'n skerp styging in eiendomspryse, soos weerspieël is deur die toename van 21 persent in die gemiddelde waarde van bruto verbandenings op huise wat gedurende die eerste kwartaal deur die bouverenigings toegestaan is. Die seisoensaangesuiwerde waarde van bouplanne wat gedurende die eerste kwartaal goedgekeur is, was 24 persent hoër as in die voorafgaande kwartaal en 50 persent hoër as die kwartaallikse gemiddelde van 1979.

Verklarings insake monetêre beleid

Uitgereik deur die Suid-Afrikaanse Reserwebank

25 Maart 1980

In my Voorsittersrede gelewer voor die Algemene Jaarvergadering van die Reserwebank gehou op 21 Augustus 1979, het ek aangedui dat die Reserwebank van mening is dat die plafonmetode van kredietbeheer so gou doenlik afgeskaf moet word, maar dat dit vervang sal moet word deur 'n onregstreekse metode wat beter resultate sal lewer as wat in die verlede met voorskrifte ten opsigte van likwiede bates behaal is. In opvolging van hierdie gedagterigting het die Bank nou, ná die gebruiklike oorlegpleging met die Minister van Finansies, besluit om sekere stappe te doen wat daarop gemik is om voortaan meer klem op kontantreserwevereistes en ondersteunende opemarktransaksies as instrumente van kredietbeheer te plaas, met die oog daarop om mettertyd weg te doen met die regstreekse metode van beheer waarvolgens kwantitatiewe perke op bankinstellings se kredietverlening aan die private sektor geplaas word.

Met die geleidelike verandering in die metode van kredietbeheer moet daar natuurlik rekening gehou word met die onderliggende ekonomiese omstandighede en met die algemene doelstellings van die huidige ekonomiese beleid. Die totale hoeveelheid geld en kwasi-geld het gedurende die laaste twee kwartale van verlede jaar teen die onaanvaarbaar hoë jaarkoers van 30 persent gestyg, terwyl 'n groot hoeveelheid oortollige likwiditeit in sowel die banksektor as in die private nie-banksektor opgebou het. Drie van die hoof faktore wat tot verandering in die geldvoorraad bydra, het teen die einde van 1979 'n ekspansionistiese invloed uitgeoefen. Die betalingsbalans in geheel het 'n oorskot getoon, die banke se kredietverlening aan die private sektor het toegeneem en die banksektor se netto eise teen die regeringsektor het gestyg. Terselfdertyd het die private sektor se langtermyndeposito's by die banksektor, wat gedurende die eerste helfte van 1979 skerp toegeneem en aldus die geldvoorraad negatief beïnvloed het, teen 'n baie stadiger tempo gestyg.

In die lig van hierdie gebeure en die hoë inflasiekoers sal toegesien moet word dat die hoeveelheid geld en kwasi-geld nie voortgaan om oormatig toe te neem nie. Dit pas egter in by die breë ekonomiese beleid van die aanmoediging van 'n hoër ekonomiese groeikoers dat banke se kredietverlening aan die private sektor nie nou te veel aan bande gelê word nie. Met inagneming van die gunstige betalingsbalansposisie is dit dus van besondere belang hoe die Regering in die komende jaar sy uitgawes gaan finansier. Verder sal die Reserwebank deur middel van opemarktransaksies 'n deel van die oortollige likwiditeit moet opskep.

Teen hierdie agtergrond het die Reserwebank besluit om nou die volgende aanpassings in sy monetêre beleidsmaatreëls aan te bring:

Likwiede batevereistes

Groot banke, dit wil sê bankinstellings waarvan die totale bates meer as R800 miljoen bedra, moet tans 10 persent van die toename in hulle korttermynverpligtings plus 4 persent van die toename in hulle middeltermynverpligtings sedert 30 September 1975 as 'n aanvullende vereiste in likwiede bates belê. Hierdie aanvullende likwiede batevereiste, wat reeds in 1979 verminder is en vir ander banke (waarvan die totale bates R800 miljoen of minder bedra) afgeskaf is, word nou ook vir die groot banke soos vanaf datum van sertifisering van hulle maandstate (B W Vorm Nr 7) vir 31 Maart 1980 afgeskaf.

Kontantreserwevereistes

Alle bankinstellings moet tans bo en behalwe die basiese kontantreserwevereistes, waarvolgens hulle 8 persent van hulle korttermynverpligtings teenoor die publiek as 'n rentelose saldo by die Reserwebank moet hou, ook nog 'n aanvullende kontantreserwe gelyk aan 7 persent van hulle korttermynverpligtings by die Nasionale Finansiële Korporasie van Suid-Afrika hou. Ten einde meer klem op kontantreserwevereistes te plaas en dit as beleidsinstrument meer doeltreffend te gebruik, is besluit om te vereis dat alle bankinstellings hierdie aanvullende kontantreserwes, soos vanaf die datum van sertifisering van hulle maandstate (B W Vorm Nr 7) vir 31 Maart 1980, by die Reserwebank as 'n rentelose saldo hou, in plaas van by die Nasionale Finansiële Korporasie.

Die bogenoemde afskaffing van die aanvullende likwiede batevereiste ten opsigte van die toenames in die kort- en middeltermynverpligtings van die groot banke bring mee dat 'n aansienlike bedrag van hulle likwiede bates vrygestel word. In die lig van die bestaande oortollige likwiditeit in die ekonomie en die moontlikheid dat daar in die komende maande verdere groot toevoegings tot likwiditeit mag plaasvind, is besluit om vir die groot banke nou 'n addisionele aanvullende likwiede batevereiste in die vorm van 'n kontantreserwe in te stel gelykstaande aan 5 persent van hulle uitstaande middeltermynverpligtings teenoor die publiek. Aangesien banke rente op al hulle middeltermyndeposito's betaal, word dit as regverdig beskou dat hierdie addisionele kontantreserwe in die vorm van 'n saldo by die Nasionale Finansiële Korporasie gehou word sodat dit die gewone daggeldrentekoers wat die Korporasie op deposito's betaal, kan verdien.

Ten einde die klemverskuiwing na kredietbeheer deur middel van kontantreserwevereistes verder deur te voer, is besluit dat bankinstellings waarvan die totale bates R800 miljoen of minder bedra, voortaan ook 'n kontantreserwevereiste teenoor hulle middel-

termynverpligtings moet nakom. Hierdie banke moet tans 7 persent van hulle middeltermynverpligtings as 'n aanvullende vereiste in likwiede bates belê. Daar is besluit om nie die totale likwiede batevereistes vir hierdie banke nou te verhoog nie, maar om wel te vereis dat hulle soos vanaf die datum van sertifisering van hulle maandstate vir 31 Maart 1980, 3 persent van hulle middeltermynverpligtings as 'n aanvullende kontantreserwe by die Nasionale Finansiële korporasie moet hou, en vanaf daardie datum slegs 4 persent van hulle middeltermynverpligtings as 'n aanvullende vereiste in ander likwiede bates moet belê.

Die kontantreserwe- en likwiede batevereistes wat op onderskeidelik die "groot" en die "ander" banke soos vanaf die datum van sertifisering van hulle maandstate vir 31 Maart 1980 van toepassing sal wees, word in die aangehegte tabel saamgevat.

Dit moet beklemtoon word dat die vereistes ten opsigte van kontantreserwes en ander likwiede bates soos tans bepaal, in die komende maande in heroorweging geneem sal word soos die banke se nuwe maandstate beskikbaar word en die invloed van die gewysigde vereistes beter bepaal kan word.

Diskontohuise

Ingevolge 'n voorskrif van die Reserwebank mag die diskontohuise tans nie meer as 35 persent van hulle totale bates in bankaksepte en handelswissels, wat as likwiede bates moet kwalifiseer, belê nie. Ten einde hierdie instellings in staat te stel om 'n groter deel van hulle totale fondse na die private sektor te kanaliseer, is besluit om die diskontohuise toe te laat om voortaan tot 'n maksimum van 37½ persent van hulle totale bates in likwiede bankaksepte en handelswissels te belê. Hierdie toegewing tree onmiddellik in werking.

Kredietplafonne

Die voorgaande wysigings in die kontantreserwe- en likwiede batevereistes, behoort, tesame met ondersteunende opemarktransaksies deur die Reserwebank, dit moonlik te maak om die plafonmetode van kredietbeheer mettertyd af te skaf, maar dit sou onwys wees om dit nou reeds in hierdie oorgangstadium te doen.

Aangesien 'n aantal banke egter reeds probleme met hulle kredietplafonne ondervind, is besluit om die plafonne wat op alle bankinstellings se diskonteringe, lenings en voorskotte aan die private sektor, en ook op hulle beleggings in effekte van die private sektor van toepassing is, soos vanaf 31 Maart 1980 met 6 persent van die basissyfers soos op 31 Desember 1975 te verhoog. Hierdie verhoging is bykomend tot die bestaande verhoging van 'n ½ persent per maand van die basissyfers.

Bankinstellings waarvan die totale kredietverlening aan die private sektor nie méér as R25 miljoen beloop nie, is tans van die kredietplafonne vrygestel. Hierdie perk word soos vanaf 31 Maart 1980 na R30 miljoen opgeskuif.

Likwiede batevereistes vir bankinstellings soos vanaf datum van sertifisering van maandopgawe (B.W. Vorm Nr. 7) vir 31 Maart 1980

A. Banke met totale bates van meer as R800 miljoen

Vereistes	Verpligtings teenoor die publiek ¹			
	Kort-termyn	Middel-termyn	Lang-termyn	Verpligtings uit hoofde van aksepte
	%	%	%	%
Basies:				
Reserwesaldo's by Suid-Afrikaanse Reserwebank	8	—	—	—
Ander	22	20	5	10
Aanvullend:				
Reserwesaldo's by Suid-Afrikaanse Reserwebank	7	—	—	—
Reserwesaldo's by Nasionale Finansiële korporasie	—	5	—	—
Ander	18	10	—	—
Totaal	55	35	5	10

B. Banke met totale bates van R800 miljoen of minder

Vereistes	Verpligtings teenoor die publiek ¹			
	Kort-termyn	Middel-termyn	Lang-termyn	Verpligtings uit hoofde van aksepte
	%	%	%	%
Basies:				
Reserwesaldo's by Suid-Afrikaanse Reserwebank	8	—	—	—
Ander	22	20	5	10
Aanvullend:				
Reserwesaldo's by Suid-Afrikaanse Reserwebank	7	—	—	—
Reserwesaldo's by Nasionale Finansiële korporasie	—	3	—	—
Ander	13	4	—	—
Totaal	50	27	5	10

1. Soos verminder vir doeleindes van die likwiede batevereistes, waar toepaslik.

Depositokoersbeheer

Kragtens die spesiale magte wat aan die Reserwebank ooreenkomstig die Wet op Wissels en Betaalmiddele (Wet Nr 9 van 1933) verleen is, word daar tans maksimum rentekoerse voorgeskryf wat bankinstellings en bouverenigings op deposito's van die publiek mag betaal. Hierdie maksimumperke is tans in die

algemeen heelwat hoër as die koerse wat in die praktyk op deposito's betaal word en in die lig daarvan is besluit om die bestaande voorskrifte in hierdie verband onmiddellik terug te trek.

Opemarktransaksies

Die Reserwebank was gedurende die afgelope paar jaar besonder bedrywig met die koop en verkoop van bates ten einde likwiditeitstoestande in die geldmark en in die private nie-banksektor te beïnvloed. Die doeltreffende beheer van kredietverlening deur bankinstellings deur middel van kontantreserweveristes is baie afhanklik van 'n doeltreffende opemarktransaksiebeleid deur die Reserwebank, met inbegrip van sy verdiskonteringsbeleid, en van streng dissipline in die hantering van die staatsfinansies.

Die Bank is daarvan bewus dat daar nog heelwat gebreke in die geld- en kapitaalmarkte in Suid-Afrika aanwesig is wat dit vir hom moeilik maak om opemarktransaksies doeltreffend uit te voer. In hierdie stadium ondervind die Bank byvoorbeeld 'n groot tekort aan die nodige bates wat hy vir hierdie doel kan gebruik aangesien sy portefeulje van staatseffekte reeds gedurende die afgelope jaar ten volle verkoop is. Die Bank is egter van voorneme om binnekort met die uitreiking van spesiale Reserwebankskuldbriewe te begin wat uitsluitend vir opemarktransaksies bedoel is. Hierdie skuldbriewe, wat vir verskillende looptye uitgereik kan word, sal as likwiede bates kwalifiseer indien hulle 'n onverstreke looptyd van minder as drie jaar het. Die skuldbriewe sal teen markkoerse uitgereik word en oordraagbaar en verhandelbaar wees. Aansoek sal ook by die Johannesburgse Effektebeurs vir die notering van die skuldbriewe gedoen word.

Die Bank sal verder, soos in die verlede, voortgaan om staatseffekte en skatkiswissels te verkoop en te koop.

18 April 1980

Die gaping tussen korttermynrentekoerse in Suid-Afrika en vergelykbare rentekoerse in die buiteland is tans so groot dat die verskuiwing van die finansiering van Suid-Afrika se buitelandse handel van buitelandse na plaaslike bronne in omvang toegeneem het met die gevolg dat die geldmark aansienlik vernou het. Ten einde te verhoed dat hierdie neiging té ver gevoer word, vind die Bank dit nodig om soos vanaf vandag sy diskonto vir dollartermyndekking met 'n maksimum looptyd van een jaar te verhoog van die bestaande 2½ persent na 12 persent per jaar. Uitvoerders behoort hierdeur ontmoedig te word om krediet vir lang tydperke aan buitelandse kopers van Suid-Afrikaanse produkte toe te staan, terwyl invoerders weer meer geredelik van buitelandse finansieringsbronne gebruik behoort te maak. Hierdie koers vir dollartermyndekking sal van tyd tot tyd aangepas word soos rentekoerse en ander ekonomiese omstandighede verander.